



Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

JAARVERSLAG

JANUARIE 2018 - DESEMBER 2018



Adres:

Ziervogelstraat 574, Arcadia, Pretoria

Privaat Sak X11, Arcadia, 0007

Telefoon: 086-133-3786

E-pos: akademie@akademie.co.za

VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIE SUID-AFRIKAANSE
AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS VIR DIE
TYDPERK JANUARIE 2018 TOT DESEMBER 2018.

Inhoudsopgawe

1.	BESTUUR VAN DIE AKADEMIE.....	5
2.	LIDMAATSKAP VAN DIE AKADEMIE	6
3.	VERSLAG VAN DIE SA AKADEMIE SE WERKSAAMHEDE JANUARIE 2018 - DESEMBER 2018.....	7
4.	KOMMISSIES VAN DIE RAAD	22
5.	SAKE TER VERMELDING	23
6.	VERSLAE VAN DIE FAKULTEITE	25
7.	VERSLAE VAN DIE WERKGEMEENSKAPPE EN AFDELINGS.....	27
8.	DANKBETUIGING	31
9.	LEDELYSTE.....	32

Woorde van die Voorsitter



“

Geagte lede van die Akademie

Dit is vir my 'n voorreg om in ooreenstemming met paragraaf B.2.2 van die Statuut van die Akademie, die verslag van die Raad vir die tydperk Januarie 2018 tot Desember 2018 aan die Algemene Vergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns voor te lê.

In 2018 het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns sy heel eerste studentesimposium in die geesteswetenskappe aangebied. Dit het voortgebou op die puik tradisie van die jaarlikse studentesimposia in die natuurwetenskappe wat reeds geruime tyd met groot sukses aangebied word. By hierdie studentesimposia woeker die jong geslag met nuwe (en ou) idees, hulle verskerp die intellektuele diepte van verskeie vraagstukke in 'n wye verskeidenheid vakgebiede en hulle benut tegnologie waaroor dié van ons met grys hare maar net in verwondering kan staan.

In hierdie jaarverslag lees ons van verskeie aktiwiteite van die SA Akademie wat op soortgelyke wyse mettertyd oor die jare ontstaan het. Beursprogramme vir nagraadse studente wat in Afrikaans werk, die Wiskunde-in-Aksie-kompetisie, die Wetenskap-in-Aksie-kompetisie en die Poort-skryfkompetisie, asook die Poort-skrywerslypskool. Blink planne wat 'n werklikheid gemaak is.

Om aan 'n blink plan in 'n komplekse wêreld gestalte te gee was nog altyd 'n prestasie op sigself. Om blink planne egter oor jare heen gestand te doen, is deesdae dikwels 'n rare verskynsel.

Hierdie jaarverslag bied 'n oorsig van die nuwe inisiatiewe van die Akademie wat in 2018 begin is, maar dit bied ook insae in inisiatiewe wat reeds dekades lank bestaan. Geniet dit.

PROF. IRMA ELOFF

VOORSITTER

”



1. BESTUUR VAN DIE AKADEMIE

1.1 Akademiesraad

Die Akademiesraad is op 28 September 2017 vir 'n driejaartermyn 2017 – 2020 verkies en is soos volg saamgestel:

Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe

Prof. S.M. Beukes (Anne-Marie), Universiteit van Johannesburg
Prof. I. (Irma) Eloff, Universiteit van Pretoria (Voorsitter)
Prof. A.E. (Ilse) Feinauer, Universiteit van Stellenbosch
Prof. F. (Fransjohan) Pretorius, Universiteit van Pretoria
Prof. E.H. (Helena) van Coller, Rhodes Universiteit
Prof. H.P. (Hennie) van Coller, Universiteit van die Vrystaat

Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie

Dr. P.A.B. (Cassie) Carstens, SA Kernenergiekorporasie
Prof. J.A.A. (Japie) Engelbrecht, Nelson Mandela Universiteit
Prof. O.B.W. (Oppel) Greeff, Universiteit van Pretoria (Ondervoorsitter)
Dr. S. (Sias) Mostert, SCS Aerospace Group
Prof. I.J. (Kobus) van der Walt, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

Prof. L. (Leopoldt) van Huyssteen, Universiteit van Stellenbosch

Ex officio raadslede

Mnr. P.R. (Rudolph) Botha (Voorsitter: Oudit- en Risikobestuurkomitee)
Prof. J.N. (Kobus) Eloff, Universiteit van Pretoria (Redakteur, SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie (SATNT))
Prof. R.C. (Ina) Wolfaardt-Gräbe, emeritus professor, Unisa (Redakteur, Tydskrif vir Geesteswetenskappe (TGW))

Prof. J.P. (Johan) Schoeman is gedurende 2018 verkies as redakteur van die SATNT van Januarie 2019. Prof. J.N. Eloff bly vir die oorblywende termyn aan as lid van die Akademiesraad

Hoof- Uitvoerende Beampte

Dr. Dionē Prinsloo



Voor v.l.n.r.: Proff. S.M. Beukes, R.C. Wolfaardt-Gräbe, dr. D. Prinsloo (HUB), proff. I. Eloff (Voorsitter), O.B.W. Greeff (Ondervoorsitter), proff. A.E. Feinauer en J.A.A. Engelbrecht.
Agter v.l.n.r.: Dr. L.E. Brink (Koördineerder: Projekte), proff. J.N. Eloff, H.P. van Coller, dr. S. Mostert, prof. I.J. van der Walt, dr. P.A.B. Carstens, mnr. P.R. Botha en prof. E.H. van Coller.
Inlas v.l.n.r.: Proff. L. van Huyssteen en F. Pretorius.

2. LIDMAATSKAP VAN DIE AKADEMIE

2.1 Geografies is lede van die Akademie soos volg in die verskillende werkgemeenskappe ingedeel:

Werkgemeenskap	Erelede	Gewone lede	Emerituslede	Assosiaatlede	Korresponderendelede	Totaal
Buiteland		36			3	39
Durban		4	2			6
Oos-Kaapland		27	8			35
Pietermaritzburg		1				1
Polokwane		3				3
Potchefstroom		114	13			127
Pretoria	5	251	38	3		297
Vaaldriehoek		12				12
Vrystaat	1	80	12			93
Wes-Kaap	5	180	55			240
Witwatersrand		68	12			80
Zoeloeland		2	1	1		4
Totaal	11	778	141	4	3	937

2.2 Ontleding van die lidmaatskap van die Akademie volgens aanwinste en verliese aan die einde van Desember 2018:

	Junie 2011 tot Junie 2012	Junie 2012 tot Junie 2013	Junie 2013 tot Des. 2013	Jan. 2014 tot Des. 2014	Jan 2015 tot Des. 2015	Jan. 2016 tot Des. 2016	Jan. 2017 tot Des. 2017	Jan. 2018 tot Des. 2018
Ledetal	764	765	781	811	825	813	796	796
Emeritus lede	201	188	183	173	171	166	159	141
Totale ledetal	965	953	964	984	996	979	955	937

2.3 Nuwe lede

Die volgende persone het in 2018 as lede aangesluit:

Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe

- Dr. M. Basson, Stellenbosch
- Dr. L. Bosman, Stellenbosch
- Dr. G.J. Botma, Stellenbosch
- Mnr. D.V. Correia, Pretoria
- Dr. J. Deacon, Bloemfontein
- Dr. M. Diedericks, Pretoria
- Dr. H. du Preez, Pretoria
- Dr. J. Erasmus-Alt, Bloemfontein
- Dr. M.M.C. Haupt, Pretoria
- Dr. W.J. Jacobs, Pretoria
- Dr. J.C. Kloppers-Lourens, Pretoria
- Prof. D. Kotzé, Pretoria
- Dr. H.T. Lochner, Pretoria
- Dr. M.C. Moen, Pretoria

- Prof. T.G. Neethling, Bloemfontein
- Dr. O.P.J. Stander, George
- Dr. A. Strachan, Harrismith
- Dr. Gerda Taljaard-Gilson, Pretoria
- Prof. A.J. van der Merwe, Pretoria
- Dr. Pieter van der Zwan, Johannesburg
- Dr. M.C. van Jaarsveld, Potchefstroom
- Dr. G. Westraadt, Kaapstad

Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie

- Dr. J. Janse van Rensburg, Bloemfontein
- Dr. M. Naudé, Bloemfontein
- Mnr. P. Oosthuizen, Bloemfontein



3. VERSLAG VAN DIE SA AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS SE WERKSAMHEDE: JANUARIE 2018 – DESEMBER 2018

3.1 Die Akademieskantoor

- Hoof- Uitvoerende Beampte – dr. Dionē Prinsloo
- Koördineerder: Projekte – dr. Linda Brink
- Persoonlike Assistent en Administratiewe Beampte – me. Nellie Engelbrecht
- Finansiële Beampte – me. Hanlie Willemse
- Administratiewe Beampte – me. Melanie Rens
- Administratiewe Assistent – me. Shirley Mahlangu

3.2 Vergaderings van die Akademiesraad

- 12 April 2018
- 21 Junie 2018
- 19 September 2018
- 22 November 2018

3.3 Die SA Akademie in eietydse konteks

Die SA Akademie streef deurlopend daarna om relevant in die eietydse landskap van Suid-Afrika en die Afrikaanse taalgemeenskap te funksioneer. Daadwerklike vernuwing in die uitleef van die Akademie se missie en visie rig die bestuur van hierdie instelling.

3.4 Akademietydskrifte

3.4.1 Tydskrif vir Geesteswetenskappe (TGW)

Afgehandelde uitgawes

Die volgende uitgawes het in die loop van 2018 verskyn:

Jaargang 58, Nommer 1 (Maart 2018)

Die 10 navorsingsartikels is versprei oor twee onderafdelings: (a) agt artikels oor diverse onderwerpe: geskiedenis, politieke wetenskap, maatskaplike werk/ekonomie, vergelykende opvoedkunde, teologie, Afrikaanse letterkunde, audiologie en (b) twee artikels in die afdeling **AKTUEEL** as afsluiting van Dooyeweerdiaanse uitgangspunte in die debat oor staat en samelewing. Verdere bydraes behels 'n meningstuk oor etiek en integriteit in die politiek en openbare lewe; die gebruikelike verslag van Eep Francken oor die Afrikaanse taal- en letterkunde in Nederland gedurende 2017; boekbespreking en Tom McLachlan se kwartaallikse taalrubriek

Jaargang 58, Nommer 2 (Junie 2018)

Die 12 navorsingsartikels is versprei oor twee onderafdelings: (a) die drie hoofreferate van die SAVN-kongres oor Afrikaanse en Nederlandse taalwetenskap – die ontstaan van Afrikaans (Wes-Kaapse argief); 'n vergelykende studie oor konstruksies met *krijgen/kry* in Nederlands en Afrikaans en modale kettings in Afrikaans; (b) nege artikels oor diverse onderwerpe: Afrikaanse taalkunde, vertaling van dramatekste uit Frans in Afrikaans, ekokritiek, godsdiensvryheid, vergifnisonderwys, leierskap in skoolkonteks, selfgerigte leer, versweë veranderinge in die SA Grondwet en besinning oor die aard van kennis “in die eeu van informasionalisme en kennisafdeling”. Hierbenewens bevat die uitgawe ook drie boekbesprekings en die kwartaallikse taalrubriek.

Jaargang 58, Nommer 3 (September 2018)

In hierdie uitgawe is Navorsingsartikels in drie onderafdelings gegroepeer: Die 11 navorsingsartikels is in twee onderafdelings gegroepeer: (a) diverse temas uit verskillende vakdissiplines: hedendaagse godsdienstfilosofie; ekologie en kapitalisme; SA se waterkrisis; morele leierskap; emansipatoriese leer en opvoedkundenavorsing; besigheidsetiek; Sanlam (vroeë geskiedenis) en behoeftes van gesinne waar kinders met kanker gediagnoseer is; (b) artikels deur jong filosowe voortspruitend uit 'n konferensie ondersteun deur die Akademie. Bykomend verskyn in die afdeling **AKTUEEL** 'n reaksie op 'n artikel oor letterkunde en ekologie wat in die Junienommer verskyn het. Nog 'n reaksie word in die vooruitsig gestel vir die Desembernommer. Verskillende perspektiewe op 'n betreklik jong navorsingsveld binne die Afrikaanse letterkunde bevorder op hierdie manier teoretiese terminologie en kritiese diskoers.

Jaargang 58, Nommer 4-1 (Desember 2018)

Prof. Pieter J. Fourie was die gasredakteur van die temanommer oor *Media in die era van digitale kommunikasie*. Dit is 'n lywige publikasie van ongeveer 228 bladsye wat kernaspekte van die steeds veranderende medialandskap krities-vergelykend ondersoek. Die 13 artikels kom van medewerkers uit verskillende universiteite: Unisa(4), UFS(2), Radboud, Nijmegen(1), NWU(3) en US(3).

Opmerking: Die kundige leiding van 'n ervare gasredakteur het gelei tot gehaltebydraes; taalredigering was egter veeleisend en baie tydrowend tydens die finalisering van die hele boek, en dít ten spyte van die vereiste taalversorging voor die inlewering van artikels. In hierdie verband haal ek graag die gasredakteur aan: ook van toepassing op die aard van die verantwoordelikhede van 'n toekomstige redakteur: **“Die aanstelling van 'n taalredakteur sal 'n moet wees. 'n Mens gaan nie weer 'n redakteur kry wat dit soos jy alles in een kan doen nie.”**

Jaargang 58, Nommer 4-2 (Desember 2018)

Verskeie onderwerpe word deur die agttal artikels gedek: die De Langeverslag en die gaping tussen getuienis en beleid (publieke administrasie), mans se rol in genderegeregtheid (feministiese teorie), Afrikaansonderrig deur middel van aanlyn oop opvoedkundige bronne, immigrante as motorwagte, kerkordes, mineur- en majeurletterkundes, estetiese ingesteldheid as psigoterapeutiese kwaliteit en produktiwiteit in die onderwysstelsel.

Algemeen:

Gedurende 2018 is daar altesaam 54 artikels gepubliseer in die Maart-, Junie-, September- en Desemberuitgawes: (10; 12; 11 en 21 (13+8) onderskeidelik). Een spesiale tema is ingesluit: *Media in die era van digitale kommunikasie*, met prof. Pieter J. Fourie as gasredakteur. In vergelyking met 2017 se 59 artikels is vyf minder artikels gepubliseer en in vergelyking met 2017 se totale aantal bladsye van 1115 is die 1017 van 2018 ook minder.

Alhoewel die 1 000+ bladsye wat oor die afgelope drie jaar in die TGW gehandhaaf kon word, verblydend is (die dramatiese vermeerdering vanaf 731 in 2015 tot 1228 in 2016 kon tot 'n sekere mate gehandhaaf word), is daar terselfdertyd 'n duidelike afname in die aanbod van artikels te bespeur van 66 in 2016 en 59 in 2017 tot 54 in 2018. Hierdie afname is grotendeels te wyte aan die ooreenstemmende afname in temanommers: vanaf drie in 2016 en twee in 2017 tot slegs een in 2018. Hierdie tendens laat egter ook duidelik blyk dat daar nie meer staatgemaak kan word op slegs 'n spontane aanbod van individuele artikels nie, maar dat daadwerklike werwing van bydraes (onder meer deur die vooruitbeplanning van temanommers) essensieel is vir die volhoubaarheid van die TGW. Daarbenewens sal die SA Akademie aansporingsmaatreëls vir outeurs om steeds in Afrikaans te publiseer ernstig moet oorweeg. In aansluiting hierby sal ook voorsiening gemaak moet word vir toepaslike vergoeding aan keurders wat substansiële en konstruktiewe verslae lewer.

Esther Greeff- en ATKV-SA Akademieprys

Die ATKV-SA Akademieprys

'n Redaksiekomitee van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* het op 24 Oktober 2018 die volgende vier kandidate geïdentifiseer vir artikels wat gedurende 2017 in die TGW geplaas is:

Letterkunde:

1. **Phil van Schalkwyk** vir die artikel “’n Herevaluering van Eben Venter se *Wolf, wolf* binne die konteks van sy oeuvre.” *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(2-1):412-440. (Junie 2017).

Motivering: Die artikel is ’n besonder boeiende en vernuwende verkenning van Venter se hantering van die taboe-onderwerp van pornografie gepaardgaande met die uitwys van sekere wesenlike aspekte van Venter se skrywerskap (die binnedringing van die semiotiese in sy werk; die beweging van die retoriese na die stilistiese; die aansluiting van sy werk by die postrealistiese skilderkuns, meer spesifiek die postrealistiese presisie of “Exactitude”). Dit is ’n uitstekende artikel wat nuwe lig werp op Venter se oeuvre en is as sodanig ’n baie waardevolle toevoeging tot die navorsing oor hierdie skrywer se werk.

Filmteorie:

2. **Cilliers van den Berg** vir twee artikels, “Slavoj Žižek en film(teorie)? Deel 1: ’n Oorsig”. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(1):187-204 (Maart 2017) en “Slavoj Žižek en film(teorie)? Deel 2 ’n interpretasie van It follows.” *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(2-2): 596-813. (Junie 2017).

Motivering: Met sy twee artikels maak Cilliers van den Berg die moeilike terrein van neo-Lacaniaanse filmteorie soos geïnterpreteer en verduidelik deur die Lacaniaanse filosoof en filmteoretikus, Slavoj Žižek, vir die leser toeganklik. Teen die agtergrond van Žižek se beskouings, interpreteer en pas Cilliers op ’n insiggewende wyse flimteoretiese kernbegrippe soos die “filmiese gaze”, “begeerte”, “fantasie” en “spieël” toe, en verbreed hy daarmee die leser se verstaan van die estetiese ervaring van film (bewegende beelde), ook as ideologie. Met hierdie twee artikels, as toevoeging tot sy akademiese oeuvre, lewer Cilliers onteenseglike bewys van die volgehoue hoë akademiese kwaliteit van sy werk.

Kunsfilosofie:

3. **Matthias Pauwels** vir die artikel “Welkom in de woestijn van het dekoloniale filistijnisme. Esthetische reflectie te midde van radicale strijd in Zuid-Afrika.” *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(1): 76-94. (Maart 2017).

Motivering: Matthias Pauwels se artikel, as deel van die temanommer oor filosofie as aktuele kritiek, verteenwoordig ’n besonder insiggewende kultuur-filosofiese kontekstualisering van onder meer die verwoesting van kunswerke by die Universiteit van Kaapstad tydens die #FeesMustFall-beweging landswyd. Dit is ’n provokatiewe artikel oor ’n uitermate relevante kwessie.

Musiek:

4. **Wilfried Lüdemann** vir die artikel “Afrikaans en musiek. Kantaantekeninge van iemand wat aan die kant teken”. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(2-2): 581-595. (Junie 2017).

Motivering: Die artikel is ’n nodige en relevante bydrae oor die simbiose tussen Afrikaanse poësie en musiek. Hierdeur word aspekte van albei dissiplines op ’n innoverende en insiggewende wyse ontgin.

Argitektuur / Stadsbeplanning:

5. **Louis Grundlingh** vir die artikel “Die ruim buitelugsitkamer van die stad: ’n Oorsigartikel oor die denke en doelstellings van stedelike parkontwikkeling in die laat 19de en vroeg 20ste eeu in Europa en die Verenigde State van Amerika.” *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(2-2): 542-561 (Junie 2017).

Motivering: Dit is ’n baie interessante artikel wat bydra tot die wyer vakgebied en kennis oor publieke ruimtes deur die oorsprong van parke te ondersoek. Dit lewer dus ook ’n bydrae vir verwante vakgebiede soos stadsbeplanning, stedelike ontwerp en landskapsargitektuur.

Opmerking: Louis Grundlingh se artikel is in die plek van dié van Matthias Pauwels voorgelê, aangesien Nederlandse artikels nie deur die reglement van die ATKV-SA Akademieprys gedek word nie.

Die redaksiekomitee vir die Esther Greeffprys het Phil van Schalkwyk as die eerste keuse vir die prys aangewys.

Digitale bestuur van manuskripte

Robyn Marais (Medpharm) hanteer sedert Januarie 2018 die eerste stappe van die manuskripbestuur (nadat die keurderkopie van die artikel voorberei en keurders aangewys is), naamlik ontvangs van artikels en invordering van keurdersverslae. Die laaste stappe in die proses voor publikasie, naamlik kommunikasie met die outeur oor herwerking en die finale weergawe van die artikel; taalredigering van die goedgekeurde weergawe en voorbereiding vir die drukker en proeflees van pdf's, is – soos in die verlede – deel van die administratiewe verantwoordelikhede van die redakteur. Myns insiens is die grootste wins van registrasie op die OJS-stelsel dat daar geleidelik 'n digitale rekord opgebou word van alle artikels wat vanaf begin 2018 aan die TGW voorgelê is. Let wel: artikels wat deur gasredakteurs gewerf en versorg word vir temanommers vorm nie deel van die aanvanklike digitale registrasie nie, maar word soos in die verlede deur die gasredakteur(s) en redakteur hanteer. Robyn Marais versorg wel die registrasie van alle bydraes na afhandeling op die webtuiste van die **TGW: <http://tgwsak.co.za>**.

ASSAf: NSEF en SciELO

Die gebruiklike NSEF-vergadering is op Dinsdag, 20 November 2018 by die Southern Hotel, OR Tambo-lughawe deur ASSAf aangebied.

'n Interessante item was die verslag van prof. Keyan Tomeselli ('n redakteur met baie ervaring en nasionale en internasionale aansien as navorsers):

“Editors, journals and publishers are the un- or underfunded conduits that enable the transfer of massive research subsidies to universities and authors, and, in the case of journals, editors’ voluntary work is the concealed link in the value chain enabling the national research economy”.

Origens is my persoonlike waarneming dat sommige problematiese aspekte in die navorsingstelsel lei tot beperkende maatreëls of voorskrifte, wat dan ondiskriminerend vir alle joernale geld: i) een outeur wat navorsingsubsidie vir sy univerviteit verdien het deur 'n baie groot aantal kongresreferate; ii) of redakteurs wat te veel of hoofsaaklik in hulle eie tydskrifte publiseer – die direktief is nou dat redakteurs glad nie in hulle eie tydskrifte moet publiseer nie. Teenstrydig met laasgenoemde, is dit blykbaar in orde dat univerviteite voorsiening maak daarvoor dat navorsers wat probleme ondervind om te formuleer, gebruik kan maak van 'spookskrywers' wat die navorsing namens hulle kan rapporteer.

SciELO

Me. Ina du Toit en me. Robyn Marais van Medpharm het die vergadering van die SciELO-groep bygewoon ten einde te verseker dat alle tegniese vereistes vir die lewering van manuskripte nagekom word. Bepaalde bykomende voorskrifte word geleidelik vanaf 2019 ingestel.

Prof. R.C. (Ina) Wolfaardt-Gräbe

Redakteur: Tydskrif vir Geesteswetenskappe

3.4.2 SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie (SATNT)

Die wêreldwye oorname van Engels as wetenskaplike taal van kommunikasie is 'n groot bedreiging vir die voortbestaan en uitbouing van die Afrikaanse natuurwetenskaplike vaktaal. Die situasie word vererger deur die beleid teenoor Afrikaans van meeste univerviteite in Suid-Afrika. Dit lei tot 'n dubbele opofferings vir natuurwetenskaplikes wat in Afrikaans wil publiseer. Benewens die verminderde erkenning deur univerviteite se bestuur, kan min kollegas in die buiteland die artikel lees en gevolglik is daar min siterings van die werk wat 'n verdere invloed op erkenning en bevordering kan hê.

Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie was onder groot druk gedurende 2017 omdat die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding besluit het dat indien daar 25% of meer publikasies van slegs een univerviteit kom, tydskrifte nie meer sal kwalifiseer vir die staat se publikasiesubsidie nie. Dit sou waarskynlik 'n nekslag vir die SATNT beteken het. Die gevaar is in 2017 ter nouer nood afgewend deur manuskripte van ander univerviteite te werf.

Om bogenoemde probleme in 'n nuwe bedeling te verreken wat van 2018 af volledig geld, mag outeurs nou ook manuskripte in Engels aanbied. Dit vergemaklik die taak van die redakteurs omdat buitelandse kundiges gebruik kan word as keurders. Indien die manuskrip goedgekeur word, moet dit in Afrikaans vertaal word. Beide die Afrikaanse en Engelse weergawes word aanlyn gepubliseer, maar net die Afrikaanse manuskripte word aan die einde van elke jaar in gedrukte vorm uitgegee. Die nuwe bedeling is volledig gevestig in 2018 met 10/13 manuskripte wat in Engels ook verskyn het. Omdat personeel van verskeie universiteite hier en in die buiteland nou manuskripte kan indien, is dit maklik om die bedreiging van die 25%-reël volledig te besweer.

Aangesien die SATNT uitstekende steun van die Hiemstra Trust kry, is daar geen bladgelde betaalbaar nie en alle manuskripte word direk ná aanvaarding reeds aanlyn gepubliseer. Dit maak dit baie aantreklik vir potensiële outeurs. Publikasies in die SATNT kwalifiseer volledig vir die subsidie van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding. Die webwerf www.satnt.ac.za kan besoek vir inligting oor hoe om manuskripte in te dien en ook publikasies aanlyn te lees. Vorige publikasies oor verskeie dekades kan ook hier aanlyn gelees word.

Die nuwe bedeling maak dit ook makliker vir die Akademie se MSc- en PhD-beurshouers om hulle resultate in Afrikaans te publiseer, en terselfdertyd die inligting internasionaal bekend te stel.

Verskeie organisatoriese reëlings met die verskuiwing van AOSIS na Medpharm as uitgewers is ook in 2018 afgehandel.

Hartlike dank aan me. Robyn Marais, Medpharm, die dagbestuur en borge.

Prof. Kobus Eloff wat die SATNT sedert 2000 gelei het, het aan die einde van 2018 afgetree en prof. Johan Schoeman van die Fakulteit Veeartsenykunde aan die Universiteit van Pretoria is in sy plek aangestel as die nuwe Uitvoerende Redakteur.

Prof. Kobus Eloff

Uitvoerende Redakteur: SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie

3.5 Poort-Skryfkompetisie vir kreatiewe skryfwerk vir graad 10-, 11- en 12-leerders

Die keurders vir die Poort-Skryfkompetisie 2018, prof. Thys Human, dr. Tom Gouws, prof. Bernard Odendaal en dr. Daniel Hugo het die nasionale wenner vir poësie en prosa aangewys. Hierdie eer het Jonathan Mark Birch (poësie) van die Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria en Imcke van Vuuren (prosa) van die Hoërskool Merensky, Tzaneen te beurt geval.

Die keurders het soos volg kommentaar oor die twee wenner se werk gelewer:

Jonathan Mark Birch speel in sy gedig "nat en net na vier" 'n gesofistikeerde spel met die tyd en met subtiele maar betekenisvolle teenstellings. Imcke van Vuuren se "Blou" is 'n skets wat van klaarblyklige literêre aanvoeling én literêre leeservaring getuig.

'n Voorkeurlys van die top 10 presteerders is in beide genres opgestel waarna die top vyf in elke genre deur die SA Akademie na die Poort-Skrywerslypskool uitgenooi is wat van 9 tot 11 Julie 2018 in Bloemfontein gehou is. Dr. Anthea van Jaarsveld van die Departement Drama en Teaterkuns aan die Universiteit van die Vrystaat het die organisasie van die slypskool behartig.

3.6 Die Taalkommissie

Die Taalkommissie het vir die tweede keer in sy bestaan vanaf 26 Februarie tot 2 Maart 2018 in Windhoek, Namibië, vergader. Die nuwe *Afrikaanse woordelys en spelreëls (AWS)* is in die Namibiese media en by 'n onderwyskongres bekendgestel. Meer as 250 eksemplare van die 2017-AWS is aan Afrikaansonderwysers geskenk om Afrikaansonderwysers op die hoogte bring van die nuutste ontwikkelinge in Afrikaans en is as 'n aanduiding aan die Namibiërs dat hulle steeds as 'n kerndeel van die Afrikaanse taalgemeenskap geag word.

Afgesien van die gewone werk wat die Taalkommissie deurlopend verrig om nuwe opnames by die Woordelys te voeg, reëls te verfyn en voorbeelde toepaslik te hou, is daar beduidende uitbreidings aan die werk wat gebruikers in staat behoort te stel om nog meer baat by die AWS te vind.

3.7 Simposium 2018

Die Akademie se jaarlikse simposium het op 20 en 21 September in Stellenbosch plaasgevind met die tema *Uitdagings en oplossings binne die wetenskap, die kunste en die Afrikaanse taal*.

Die sprekers was soos volg:

- Me. Alana Bailey, uitvoerende hoof, Kraal Uitgewers – *Die stand van Suid-Afrikaanse taalregte in Suid-Afrikaanse tersiêre onderrig in 2018*.
- Dr. François Durand, Departement Dierkunde, Universiteit van Johannesburg – *Die oorlewing van Afrikaans in die biologiese wetenskappe*.
- Prof. Charl Wolhuter, Departement Vergelykende en Internasionale Opvoedkunde, Noordwes-Universiteit – *China se universiteite van nasionale minderhede as aanskouingsles vir Suid-Afrika*.
- Me. Andrea Lombard, Departement Geografie, Unisa – *Grootskaalse infrastruktuurontwikkeling vir hernieubare energie en sosioëkonomiese aanpasbaarheid*.
- Prof. Bert Olivier, buitengewone professor in filosofie, Universiteit van die Vrystaat – *Wat is meer fundamenteel: ekologie of (mensgesentreerde) ekonomie?*
- Dr. Lindiwe Tshuma, African Institute of Mathematical Sciences Schools Enrichment Centre, Muizenberg – *Intermediate-phase mathematics teachers' linguistic competencies in the language of learning and teaching: the Eastern Cape Province*.
- Dr. Maylene Basson, senior onderwyskundige, Kaapse Wynland-Onderwysdistrik, Wes-Kaap – *Uitdagings en oplossings ten opsigte van die onderrig van niemoedertaalsprekers in Afrikaans Huistaal-klasse*.
- Prof. Michael le Cordeur, Departement Kurrikulumstudie, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Stellenbosch – *Word moedertaalonderrig gebruik om teen kinders te diskrimineer?*
- Dr. Christa van Staden, navorsingsgenoot, Eenheid vir Taalfasilitering en Bemagtiging, Universiteit van die Vrystaat – *Arend: 'n e-praktyknetwerk vir Afrikaanssprekende onderwysers*.
- Mnr. Paul Maritz, Fakulteit Teologie, Noordwes-Universiteit – *Sosiale media en die doeltreffende aanwending daarvan as antwoord op die tekort aan ervaring wat universiteitsverlaters ervaar*.
- Dr. Shana Poneis, Skool vir Inligtingstudies, Universiteit van Wisconsin-Milwaukee, VSA – *Die Suid-Afrikaanse diaspora: geleenthede en uitdagings vir hoër onderwys, met spesifieke verwysing na inligtings- en kommunikasietegnologie*.
- Prof. George Lotter, Departement Praktiese Teologie, Noordwes-Universiteit – *Volgehoue leer en studie ná aftrede*.
- Prof. Pieter Verster, Departement Sendingwetenskap, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat – *Uitdagings ten opsigte van taaldiversiteit in kerke*.
- Prof. Marius Nel, Fakulteit Teologie, Noordwes-Universiteit – *Taal as verdelende faktor*.
- Me. Carina van der Walt, skrywer en digter, Tilburg, Nederland – *Strijdom van der Merwe se landkuns in die lig van Susan Sontag se kritiese beskouing in haar essaybundel Against Interpretation*.
- Me. Hanneri Borstlap en prof. Melville Saayman, TREES, Noordwes-Universiteit – *Van kryte tot verfdok: kunstefeeste en die bevordering van kinderkuns*.
- Me. Annemarie Carelsen, museumkundige – *Die stand van Suid-Afrikaanse kultuurgoedere in museums in Suid-Afrika*.
- Prof. Nico Luwes, Departement Drama en Teaterkuns, Universiteit van die Vrystaat – *Die dilemma van die professionele teaterkunstenaar (1996-2018)*.

- Prof. Kobus Mentz, Skool vir Professionele Studies in Onderwys, Fakulteit Opvoedkunde, Noordwes-Universiteit – *Professionele leierskapsopleiding vir skoolhoofde: Waar staan Suid-Afrika?*
- Proff. Suzette Viviers en Edwin Theron, Departement Ondernemingsbestuur, Universiteit van Stellenbosch – *Vertroueskending in die finansiële dienstesektor: die spesiale geval van Futuregrowth Batebestuurders.*
- Prof. Jacques du Plessis, Skool vir Inligtingstudies, Universiteit van Wisconsin-Milwaukee, VSA – *'n Herbesinning oor leierskap in wisselvallige toestande.*
- Prof. Lucius Botes, Skool vir Openbare Bestuur, Regeerkunde en Openbare Beleid, Universiteit van Johannesburg en dr. Sethulego Matebesi, Departement Sosiologie, Universiteit van die Vrystaat – *Die landskap en dinamiek van gemeenskapsproteste in Suid-Afrika.*
- Me. Annelise de Vries, taalbeplanningskoördineerder, AfriForum – *Prokureurs se ervaringe oor taalaangeleenthede in die Suid-Afrikaanse regstelsel.*
- Prof. Kobus van der Walt en dr. G. Viljoen, Noordwes-Universiteit – *Suid-Afrika se waterkrisis: 'n regsprospektief.*
- Mnr. Cerneels Lourens, prokureur, Brits – *Taalgeregtigheid binne 'n veeltalige grondwetlike bestel en die uitdaging vir Afrikaans.*

3.8 Studentesimposium in die Natuurwetenskappe

Die agtiende jaarlikse Studentesimposium in die Natuurwetenskappe is op 25 en 26 Oktober 2018 by die Akademiegebou gehou. Anders as in vorige jare het hierdie simposium – wat voorheen in samewerking met akademiese departemente by verskillende universiteite aangebied is – dié keer “op eie bodem” plaasgevind. Die terugvoering wat ontvang is, dui daarop dat die simposium in sy doel geslaag het en deur almal wat dit bygewoon het, ten volle geniet is.

Hierdie interdisiplinêre simposium, wat deur die Afdelings Chemiese Wetenskappe en Wis- en Natuurkunde van die Akademie gereël word, bied aan nagraadse studente in die natuurwetenskappe die geleentheid om hul navorsing in Afrikaans aan te bied. Sedert 2017 word die biologiese wetenskappe ook ingesluit, wat die simposium waarlik interdisiplinêr in die konteks van die natuurwetenskappe maak. Vanjaar was daar drie parallelle sessies vir referate (altesaam 26) en 'n plakkaatsessie (nege plakkate).

Studente van altesaam agt Suid-Afrikaanse universiteite het deelgeneem, met aanbiedings wat 'n wye spektrum van die natuurwetenskappe gedek het. Die simposium is begin met 'n spoggeleentheid waartydens prof. Irma Eloff die verwelkoming namens die Akademie behartig het. Die gasspreker was dr. Frikkie de Beer van NECSA, wat 'n baie interessante lesing gelewer het met die titel: “Tomografie – Ontsluit die onbekende deur die onsigbare”. Laaste aan die woord was dr. Jaco van der Walt, wat die bedankings gedoen en die borge vir hul bydraes erken het. Die Vrydagoggend is die simposium deur prof. Kobus Eloff geopen, waarna prof. Rudi Pretorius 'n aanbieding oor die geskiedenis, rol en aard van die simposium gelewer het. Twee referate oor intellektuele-eiendomsreg en patente is gelewer deur sprekers van die firmas Kisch IP en Adams & Adams (wat ook borge van die simposium was). Die res van Vrydag 26 Oktober is in beslag geneem deur die aanbiedings deur studente. Hulle aanbiedings is beoordeel en het in aanmerking gekom vir 'n wye reeks pryse en sertifikate wat deur die borge van die simposium beskikbaar gestel is.

Die prysuitdeling is deur prof. Rudi Pretorius behartig, met prof. Johan Schoeman wat die prysweners gelukgewens en ook die slotwoord gespreek het.

Hierdie simposium skep 'n platform vir nagraadse studente van oor die hele Suid-Afrika om hul navorsing in Afrikaans bekend te stel. Die sukses van die simposium lê in die bydrae wat dit in die breë konteks van die wetenskap in Suid-Afrika lewer.

3.9 Simposium in die Geesteswetenskappe

'n Studentesimposium vir die Sosiale en Geesteswetenskappe (Honneurs-, meesters- en doktorale studente) is op 31 Oktober 2018 vir die eerste keer gehou. Dit was 'n groot sukses wat voortaan jaarliks sal plaasvind. Die organiseerder van die 2018-simposium was prof. Linda van Ryneveld van die Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria.

Studente is genooi om 'n aanbieding van hul navorsing in enige vakgebied in die sosiale en die geesteswetenskappe te lewer, soos byvoorbeeld antieke tale en kulture, bestuurswetenskappe, drama, filosofie, geografie en omgewingstudies, geskiedenis, joernalistiek, inligtingswetenskap, internasionale studies, kommunikasiestudies, kriminologie, maatskaplike werk, menslikehulpbronbestuur, moderne tale, musiek, opvoedkunde, regte, owerheidstudies, politieke wetenskappe, sielkunde, sosiale antropologie, sosiologie, teologie, toegepaste linguistiek, die visuele kunste en vele ander.

Die volgende referate is gelewer:

Opvoedkunde en opleiding
Die implementering van 'n professionele ontwikkelingsprogram in stralingveiligheid vir werknemers van klein-dier veterinarie praktyke – Cornelia Hanekom, Ontwerp en ontwikkeling, UP
Die verhouding tussen belegging in informasie en kommunikasie tegnologie (ITK) en wiskunde prestasie – Guillaume Kruger, Dept. Opvoedkunde, UP
Die daarstelling van 'n leeromgewing wat vaardighede benodig vir die 21ste eeu ontwikkel – Ankie Robberts, Dept. Opvoedkunde, UP
Mobiele toestelle as leermiddels in hoër onderwys – Mari van Wyk, Dept. Opvoedkunde, UP

Regsgeleerdheid
Wan- en weldade: Na 'n nuwe artikulasie van skuld en die verlede – Daniel du Plessis, Dept. Regsgeleerdheid, UP
'n Nuwe aanslag word benodig tot internasionale kommersiële kontrakte in Suid-Afrika – Michelle Oelofse, Dept. Regsgeleerdheid, UP

Taalkunde en linguistiek
Die weerspieëling van magsverhoudinge en ideologie in 20ste eeuse vertaaltendense – Maricel Botha, Toegepaste Linguistiek, Universiteit van Johannesburg
'n Minimalistiese analise van ekspletiewe negativering in Afrikaans – Jean-Marie Potgieter, Tale, Universiteit van Stellenbosch
Morfologiese evaluerende konstruksies in Afrikaans: van hondmoeg tot koffietjie – Benito Trollip, Dept. Afrikaans en Nederlands, NWU
'n Studie oor die aktiveringsproses van die mentale leksikon van tweetaliges, vertalers en tolke – George de Bruin, Afriforum

Geskiedenis, antieke tale en kultuur
Noodsaaklike onreëlmatighede: 'n Kort bespreking oor die 1964 Cillié kommissie van ondersoek – Emile Coetzee, Dept. Geskiedenis, Noordwes-Universiteit
Egiptiese simbole in moderne kultuur: die ankh en Wadjet-oog – Derick Coetzee, Antieke Studies, Unisa
Die impak van water en watersisteme ontwikkeling op sosiale ontwikkeling in die antieke Nabye Ooste – Elanij Swart, Antieke Studies, Unisa

Filosofie en wysbegeerte
Hoe gemaak met denke verby die universitêre konteks? 'n Gevallestudie van kreatiewe spekulasie – Schalk Gerber, Dept. Filosofie, Universiteit van Stellenbosch en Hercules Boshoff, Dept. Filosofie, Universiteit van die Vrystaat
HG Stoker se 'Wysbegeerte van die Skeppingsidee' – Victor Correia, Departement Religieuse Studies, Unisa
'n Studie oor die invloed van Gabriel Marcel op Paul Ricoeur se hermeneutiese fenomenologie – Zander Janse van Rensburg, Dept. Filosofie, NWU
Die effek van Marx en Fanon op identiteit en verantwoordelikheid in hedendaagse kwessies van sosiale geregtigheid – Pierre Muller, Dept. Filosofie, NWU

3.10 Projekte

3.10.1 Plakkate vir skole

Die Akademie het die bestaande plakkate van die Hertzogprysweners Dalene Matthee, Adam Small, Elisabeth Eybers, N.P. van Wyk Louw, Ingrid Jonker, Antjie Krog, Breyten Breytenbach, D.J. Opperman, T.T. Cloete, C. Louis Leipoldt, Uys Krige en Ernst van Heerden aan skole te koop aangebied.

3.11 Naslaanbiblioteek

Die program vir die elektroniese katalogus van die naslaanbiblioteek is reeds geskryf. Die invoer van data van die Akademie se boeke gaan voort.

Bouwoordeboek

Mnr. Pierre Oosthuizen van die Universiteit van die Vrystaat het op eie inisiatief begin om die boukundelys by te werk. Kundiges soos dr. M. Alberts en ander word hierby betrek.

3.12 Die Hertzoggedenklesing

Die Hertzoggedenklesing is op 17 Oktober 2018 gelewer deur prof. André Wessels van die Departement Geskiedenis, aan die Universiteit van die Vrystaat. Die tema van die lesing: Generaal JBM Hertzog by die halfpadmerk (1918): 'n bestekopname, en 'n vooruitskouing van sy openbare loopbaan daarna.

3.13 Wiskunde-in-Aksie-kompetisie en Wetenskap-in-Aksie-kompetisie

Die jaarlikse Wiskunde- en Wetenskap-in-Aksie het op onderskeidelik 6 Augustus en 7 Augustus plaasgevind. Die aksies bied 'n leergeleentheid waarvoor alle belangstellende leerders in graad 6 en graad 7 kan inskryf. Altesaam 285 skole en 4 048 leerders het in 2018 deelgeneem. Albei vraestelle het uit 40 meerkeusevrae bestaan met ook "oop" vrae om tussen die uitblinkers te onderskei. Pretdae, wat deur 30 leerders wat die beste in 'n streek presteer het, is vervolgens in September en Oktober by verskillende universiteite aangebied. Die nasionale en streekwenners is daar aangekondig en met pryse beloon. Didaktiese terugvoering is deur prof. Marthie van der Walt en me. Ingrid Esterhuizen (eksaminatore) gegee aan die skole wat deelgeneem het. Onderwysers is aangemoedig om die inhoud van die vraestelle in hulle onderrig te benut. Positiewe terugvoering is van leerders en ouers ontvang.

3.14 Bekronings 2018

Toekennings vir prestasies in die wetenskappe, die letterkunde en die kunste is by die Akademie se jaarlikse bekroningsgeleentheid in Pretoria (18 Julie) en in Stellenbosch (21 September) aan uitnemende Suid-Afrikaners uitgereik.

18 Julie in Pretoria:

- Poortprys vir Poësie: Jonathan Mark Birch van die Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria
- Poortprys vir Prosa: Imcke van Vuuren van die Hoërskool Merensky, Tzaneen
- Junior Kaptein Scott-gedenkmedalje (Dierkundige Wetenskappe): Lauren M. Robson
- Esther Greeffprys: Dr. Cilliers van den Berg
- Eugène Maraisprys (Prosa): Fanie Naudé
- Erepenning van die SA Akademie: Hannatjie van der Wat
- Christo Wiesemedalje vir Opkomende Entrepreneur: Schalk C. Nolte en Dewald de R. Nolte
- Erepenning van die SA Akademie: Vader John Newton Johnson
- Erepenning vir Visuele Kunste (Argitektuur): Peter J. Mathews
- Spesiale Erepenning van die SA Akademie: Leon van Nierop
- Erepenning vir Wetenskaplike Vakbevordering: Prof. Ina Joubert
- FARMOVS-prys vir Farmakologie en Geneesmiddelontwikkeling: Prof. Tiaan Brink
- C.J. Langenhovenprys vir Taalwetenskap: Prof. Christo van Rensburg

21 September in Stellenbosch:

- Douw Greeffprys: Drs. Katie S. Lennard, S.L. Barnabas, S.Z. Jaumdally, N.H. Mkhize, H.B. Jaspan, proff. Linda-Gail Bekker, Glenda Gray, Nicola Mulder, Jo-Ann Passmore, me. Smritee Dabee en mnre. Enock Havyarimana en Gerrit Botha
- Erepenning van die SA Akademie: Prof. Albert Troskie
- Erepenning vir Radiohoorbeelde in Afrikaans: Johan van Lill
- Erepenning van die SA Akademie se Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie: Prof. Lizette Joubert
- Elsabe Steenbergprys vir Vertaalde Kinder- en Jeugliteratuur in Afrikaans: Kobus Geldenhuys
- Tienie Hollowaymedalje vir Kleuterliteratuur: Jaco Jacobs
- Deleen Bekkerprys vir die Beste Rolprentdraaiboek in Afrikaans: Christiaan Olwagen
- Markus Viljoenmedalje vir Joernalistieke Prestasie: Martie Retief Meiring
- Toon van den Heeverprys vir Regswetenskap: Prof. Leonie Stander
- Huberte Rupertprys vir Klassieke Musiek: Peter Guy
- C.L. Engelbrechtprys vir Letterkunde: Marlene van Niekerk
- Besondere Erepenning van die SA Akademie: Prof. Ernst Kotzé
- Havengaprys vir Lewenswetenskappe: Prof. Emile van Zyl
- Havengaprys vir Fisiese Wetenskappe: Prof. Ben Herbst
- Stalsprys vir Kommunikasiekunde en Joernalistiek: Prof. Herman Wasserman
- Stalsprys vir Sielkunde: Prof. Linda Richter
- Hertzogprys vir Drama: Pieter-Dirk Uys

3.15 ATKV–SA Akademieprys 2018

In 2018 is die beste artikels wat in 2016 verskyn het en deur redakteurs van geakkrediteerde tydskrifte aan die Akademie voorgelê is, beoordeel.

Die prysweners was soos volg:

Geesteswetenskappe:

- Prof. H.P. van Collier, Emeritus professor en voormalige hoof van die Departement Afrikaans, Nederlands, Duits en Frans aan die Universiteit van die Vrystaat en tans navorsingsgenoot aan die Noordwes-Universiteit., vir sy artikel “T.T. Cloete as literêre kritikus, teoretikus en literatuurhistorikus (Deel 2): T.T. Cloete as literêr-historiese teoretikus”. Die artikel het verskyn in *Literator – Journal of Literary Criticism, Comparative Linguistics and Literary Studies*, 2016.
- Dr. Cilliers van den Berg, Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, Universiteit van die Vrystaat, vir twee artikels: “Histerie en Perversie (deel II): Slagofferskap in *Der Nazi & der Friseur* (Edgar Hilsenrath) en *De joodse messias* (Arnon Grunberg)”, wat in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* Jg. 56 (3), September 2016, verskyn het, en vir “Mimesis soos beredeneer deur Philippe Lacoue-Labarthe: *Horrelpoot* (2006) deur Eben Venter as herskrywing van Joseph Conrad se *Heart of darkness*”, wat by *LitNet Akademies* Jg. 13(2), 2016, verskyn het.
- Charl Blignaut, Vakgroep Geskiedenis, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit, vir sy artikel “Rebellie sonder gewere: vroue se gebruik van kultuur as versetmiddel teen die agtergrond van die Ossewa-Brandwag se dualistiese karakter”, wat in die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* Jg. 30 (2), Des. 2016, verskyn het.
- Izette Bredenkamp en prof. André Wessels, Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, vir hulle artikel “Suid-Afrikaanse kapelaansvroue en die Grensoorlog (1966–1989): ’n Gevallestudie van denominale pastorale versorging”, wat in die *Joernaal vir Transdissiplinêre Navorsing in Suidelike Afrika*, 2016, verskyn het.
- Prof. Aslam Fataar, Visedekaan: Navorsing, en dr. Henry Fillies van die Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit Stellenbosch, vir hulle artikel “Die leerpraktyk-vorming van hoërskoolleerders op ’n plattelandse werkersklasdorp”, wat verskyn het by *LitNet Akademies* Jg. 13(2), 2016.
- Dr. Michelle Barnard, Fakulteit Regte, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit, vir haar artikel “Koolstofbelasting as voorgestelde ekologiese fiskale hervormingsmaatreël in Suid-Afrika”, wat by *LitNet Akademies* Jg. 13(3), 2016, verskyn het.

Natuurwetenskappe:


- Prof. Helgard G. Raubenheimer, Departement Chemie en Polimeerwetenskap, Universiteit Stellenbosch, vir sy artikel “Aull: Skaars of afgeskeep? ’n Kritiese literaturoorsig”, wat by *LitNet Akademies* Jg. 13(2), 2016, verskyn het.
- Prof. Adriaan J. Reinecke, prof. Sophia A. Reinecke en Mia van Wyk, Departement Plant- en Dierkunde, Universiteit Stellenbosch, vir hulle artikel “Die geskiktheid van potwurms (*Enchytraeidae*) en plante om die toksisiteit van olieraffinadery-slik te toets”, wat in die *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* Vol. 35 (1), 2016, verskyn het.

3.16 Trust vir Afrikaanse Onderwys (TAO) se beursprojek

Die SA Akademie bied sedert 2015 jaarliks ruim nagraadse beurse aan verdienstelike magister- en doktralestudente wat hulle studies in enige vakdisipline in Afrikaans wil doen. Hierdie beursprojek, wat befonds word deur die Trust vir Afrikaanse Onderwys (TAO), word toenemend met geesdrif deur studente benut. In die lig van die afskaling van Afrikaans as 'n onderrig-, leer- en wetenskapstaal in hoër onderwys is die sukses van hierdie beursprojek 'n aanduiding dat die Afrikaanse taalgemeenskap erns het met die voortgesette gebruik en ontwikkeling van hulle taal.


Die trefkrag van die beursprojek blyk duidelik uit die jongste beskikbare statistiek.

Ten spyte van die afskaling van Afrikaans aan die universiteite, het die Akademie sedert die begin van die beursprojek in 2015, 322 aansoeke ontvang van studente wat wel in Afrikaans hul proefskrif of verhandeling skryf.




Aantal toegekende beurse


Sedert 2015 is 105 doktrale beurse, 96 meestersbeurse en 14 postdoktrale beurse toegeken waarvan die waarde reeds **R7 554 202** beloop.




Die aantal beurse wat jaarliks gedurende hierdie tydperk toegeken is, is soos volg:




Die studierigtings – volgens die Akademie se bestaande twee fakulteite – waarvoor aansoeke ontvang is, toon dat 'n beduidende behoefte vir ondersteuning in die geesteswetenskappe (242 aansoeke) teenoor slegs 35 aansoeke vir studie in die natuurwetenskappe ontvang is.



Beurshouers studeer hoofsaaklik by histories Afrikaanse universiteite, met meer as 'n derde van die studente (36%) wat by die Noordwes-Universiteit ingeskryf is, daarna volg die Universiteit Stellenbosch (23%), die Universiteit van Pretoria (17%) en die Universiteit van die Vrystaat (12%). Die res van die studente is versprei tussen UNISA (4%), die Universiteit van Johannesburg (3%), die Nelson Mandela Universiteit (2%), die Universiteit van die Wes-Kaap (1%), die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie (KSUT) (1%) en die Universiteit van Namibië (1%).



Sedert 2015 het die Akademie 205 beurse toegeken waarvan 114 studente hul studies reeds afgehandel het.



3.17 Jan H. Maraisprys

Die Jan H. Maraisprys is in 2015 ingestel deur drie van die belangrikste instansies wat hulle bestaan te danke het aan die erflating van Johannes Henoeh Marais (1850-1915), 'n vooraanstaande Stellenbosser en 'n voormalige inwoner van Kimberley waar hy sy welvaart opgebou het. Die instansies is Het Jan Marais Nasionale Fonds, Naspers (Media 24) en die Universiteit van Stellenbosch. Die prys word jaarliks toegeken ter erkenning van uitstaande, lewenslange bydraes tot Afrikaans as wetenskapstaal deur wetenskaplike werk en publikasies op hoë vlak en van hoë gehalte in Afrikaans. Die SA Akademie hanteer die administrasie van hierdie prys namens die Het Jan Marais Nasionale Fonds.

Die 2018-prys is gesamentlik aan prof. Christo van Rensburg van Potchefstroom en Marinus Wiechers van Pretoria toegeken. Die prysgeld van R500 000 is gelykop tussen die twee prysweners verdeel. Die prys is op 25 April by 'n funksie in die Akademiegebou in Pretoria aan prof. Marinus Wiechers oorhandig en op 30 Mei by 'n funksie op Stellenbosch aan prof. Christo van Rensburg.



4. KOMMISSIES VAN DIE RAAD

4.1 Oudit- en Risikobestuurkomitee

Die kommissie het vanjaar uit die volgende lede bestaan: Mnr. P.R. Botha (voorsitter), prof. O.B.W. Greeff, me. Olga Kotzé, proff. J.J. Rossouw en J. van der Elst. Ex officio: Prof. Irma Eloff en dr. Dionē Prinsloo (HUB).

4.2 Letterkundekommissie

Die kommissie uit die volgende lede bestaan: Proff. Hennie van Coller (voorsitter), Willie Burger, Johan Coetser, Thys Human, Susan Smith, Hein Viljoen, Andries Visagie. Sekundi: Drs. Anastasia de Vries, dr. Anthea van Jaarsveld en prof. Marius Crous. Proff. Heinrich Ohlhoff en Helize van Vuuren het gedurende die verslagjaar uitgetree.

4.3 Taalkommissie

Die kommissie is soos volg saamgestel: Prof. Gerhard van Huyssteen (voorsitter), me. Sophia Kapp, dr. Frikkie Lombard, proff. Pieter Louw, Jana Luther, Marné Pienaar en mee. Liona Compion, Gerda Engelbrecht en Sulene Pilon (sekretaris). Dr. Herman Beyer en prof. Frank Hendricks het gedurende die verslagjaar uitgetree.

4.4 Geskiedeniskommissie

Die kommissie was soos volg saamgestel: Proff. Fransjohan Pretorius (voorsitter), Wessel Visser (ondervoorsitter), proff. Alex Mouton en André Wessels, drr. Karen Horn, Lindie Koorts en Dionē Prinsloo.

4.5 Kommissie vir Uitvoerende Kunste

Die kommissie is vanjaar soos volg saamgestel: Prof. Nico Luwes (voorsitter), mnr. Paul Boekkooi, proff. Petrus du Preez, Izak Grové, Gerrit Olivier en mnr. Leon van Nierop.

4.6 Onderwyskommissie

Die kommissie is soos volg saamgestel: Dr. Pierre Edwards (voorsitter), proff. Irma Eloff, Johan Booyse, drr. Huw Davies, prof. Geoff Lautenbach, prof. Michael le Cordeur, prof. Jan Nieuwenhuis, mnr. Jannie van der Westhuizen en dr. Surette van Staden.

4.7 Kommissie vir Visuele Kunste

Die kommissie is soos volg saamgestel: Proff. Alex Duffey (voorsitter), Johan Botha, mnr. Nicholas Clarke, proff. Elizabeth Gunter en Suzanne Human.



5. SAKE TER VERMELDING

5.1 Mediablootstelling

Die SA Akademie en sy lede is gedurende 2018 meermale in die media vermeld. Hier volg 'n opsomming van nuusdekking oor hierdie tydperk:

- *Hof kan regmaak vir nog 'n taalsaak* – dr. Theuns Eloff
Beeld, 3 Januarie 2018
- *Small se liefdeswerk vir die Afrikaanse korf* – Joan Hambidge
Beeld, 22 Januarie 2018
- *Hoe ons nie vir Afrikaans moet baklei nie* – Marida Fitzpatrick
Beeld, 24 Januarie 2018
- *Neem knypie sout maar met 'n knippie sout* – prof. Gerhard van Huyssteen
Beeld, 27 Januarie 2018
- *Afrikaans op UV: Moenie treur nie, help dink!* – prof. Francis Petersen
Rapport, 28 Januarie 2018
- *Ons kan nie Afrikaans net weggooi* – Angie Motshekga
Beeld, 29 Januarie 2018
- *Nederlands en Afrikaans: Nu of nooit ...* – Guido van den Berg
Beeld, 13 Februarie 2018
- *Die vlug van die flaminke – Emigrasie: Wie gly en wie bly?* – prof. Flip Smit
Rapport, 18 Februarie 2018
